

# KOERSVAS

Jaargang 2      Uitgawe 26    18 Oktober 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrogies

Kennisgewings

- Stuur u kennisgewings en nuusbrogies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steedshervormers.co.za](mailto:admin@steedshervormers.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.



## REDAKSIONEEL

Veranderende verhoudings.

Die steedsHervormers vergadering van 12 Oktober 2013 is om verskillende redes van groot belang.

Die belangrikste is dat die verskil in benadering tussen die KommAKV en sH bestuur duidelik geword het. Tydens die 70e AKV is slegs die bevooroordeelde verslag van die 69e KommAKV gestel. By die Premierny vergadering is dr Kobus Labuschagne (voorsitter van die Bemiddelingskomitee) die geleentheid gegee om te praat en vrae te beantwoord. Die KommAKV het telkens die verwyt geslinger dat selfstandige gemeentes se kerkrade nie die NHKA se perspektief stel nie. Dit blyk nou dat die waarheid deur die KommAKV en onselfstandige denkers (sommige NHKA predikante) opsetlik verswyg word om lidmate in die duister te hou. Dit moet erken word dat menige sprekers hulle skok uitgespreek het, maar hulle het nogtans met selfbeheersing en respek opgetree.

Die verdeling van die teenwoordiges in terme van hul lidmaatskap was opvallend. Van die ongeveer 220 teenwoordiges was die helfte lidmate van selfstandige gemeentes en die ander helfte lidmate

van die NHKA. Dit is verder duidelik uit die besprekings en besluite wat geneem is dat die selfstandige gemeentes steeds bereid is om lidmate in die NHKA by te staan en te ondersteun. Daarmee saam is dit ook duidelik dat die twee groepe 'n gemeenskaplike oortuiging en saak het. Die verkiesing van dr Otto as voorsitter dui daarop dat hierdie gemeenskaplikheid nie vir sH lidmate problematies is nie. Selfs die waarskuwing dat die KommAKV dalk nie met 'n onafhanklike leraar sal wil praat oor NHKA lidmate nie, het nie die vergadering van plan laat verander nie. Die vergadering het hom weer sterk ten gunste van mediasie oor alle sake uitgespreek. Almal was dit eens dat die geskille nie in die hof beslis moet word nie en dat niemand die R20 miljoen wat hofsake kan kos, kan of wil bekostig nie. Dr Labuschagne se aanduiding dat hy weet van die versoek tot mediasie, maar dat hy nie geweet het dat die NHKA mediasie teenstaan nie, was vir almal skokkende nuus. Dit wys net hoe "hoog" op is die onkunde rakende die duistere handelinge van die KommAKV en die blanko-tjek litigasie komitee. Dit het tyd geword dat die versoek tot mediasie en vrede tydig en ontydig tydens gesprekke

genoem word en alle lidmate van die NHKA bewus gemaak word van die pogings tot vrede. Die vergadering se bereidheid om 'n NHKA spreker aan te hoor, wys dat mediasie moontlik is.

Tydens die verloop van die vergadering het dit ook duidelik geword dat sH al hoe meer 'n deurgangstuiste is. Lidmate en ampsdraers het nou na die 70e AKV besef hoe ver die NHKA op 'n nuwe pad is. Die vurk in die pad lê agter almal. Op die NHKA se bakkiesblad word daar ook groot gewag gemaak van die nuwe kerk en nuwe pad. Lidmate wat nie meer tuis is in hierdie atmosfeer nie, sien sH as 'n deurgang en hulpmiddel. Solank lidmate die Geloofsbond se hulp en leiding nodig het, sal sH bestaan.

## NUUSBROKKIES

- Die goeie nuus wat tydens die steedsHervormers vergadering van 12 Oktober bekend gemaak is, is dat u nou op [www.steedshervormers.co.za](http://www.steedshervormers.co.za) preke en eredienste op mp3 formaat kan luister of aflaai. Die media komitee en in besonder Tjaar van der Merwe het hard gewerk om 'n diensverskaffer en gasheer diens te kry. Die preke word in die kuberruim afgelaai en gestoor. Daar sal weekliks verskeie eredienste van gemeentes beskikbaar gestel word. Die verwagting is dat daar binne die eerste maand so gevorder sal word dat gemeentes se eredienste op dieselfde dag teen 11:00 beskikbaar sal wees. Lidmate wat weens siekte, ouderdom, vervoer of soortgelyke uitdagings nie die eredienste kan bywoon nie, kan van hierdie diens gebruik maak. Die gedagte is ook dat sH huis-gemeentes saam die dienste kan beleef.

- Die Geloofsbond het nou aangegroei tot 17 gemeentes. Vryburg is die nuutste toevoeging. Baie welkom by ons.
- Die saamstel van Lewensbrood 2014/5 vorder fluks. Die boek word ook aangevul met verposings rondom sekere temas wat vir lidmate kan begelei in besondere situasies. Bestellings kan nou reeds geplaas word.
- Ds Freek van der Merwe is na Vaalwater beroep.
- Lidmate wat wil bydra tot die betaal van die diensverskaffer (preke op internet), of net wil bydra tot die Geloofsbond, moet kennis neem van die bankbesonderhede:

## BANKBESONDERHEDE:

**Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

**Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**

**Rekeningnommer: 6243 092 3088**

**Tak: Pretoria Noord**

**Takkode: 250 655**

## KENNISGEWINGS

- Hervormde Sustersvereniging Koster** bied 'n Damesoggend aan op DV 26 Oktober 2013 09:30 in die Hervormde Kerksaal in Koster. Kostes R100pp. Gasspreker is Lindie Stander wat die rol speel van Elise Kruger in *Binnelanders*. **Kontak Catherine by 079 873 7146**
- KOSTER HERVORMDE KERK HOU VLEISFEES**
- Ja dit is waarop die klem hierdie keer gaan wees, vleis. Lekker en baie soorte en snitte. Dit is 'n waardige manier om ook die 100 jarige herdenking van Koster se dorpstigting

te vier. Moenie dit misloop nie. Dit vind plaas op die kerkterrein van Koster Hervormde Kerk op 2 November 2013 vanaf 08:00 tot middagete. Vele interessante aktiwiteite word beplan. Kom kyk na Kosterskool se "Cheer Leaders", 'n moderne dans vertoning, demonstrasie van blommerangskikking en koekversiering, kom skiet skyf en kom kleur in en kom bewonder die karate vaardiges. Hulle geniet ook die "oe" en "aaaa" hoor. Die manne met die duwe kom ook weer spog, en daar gaan 'n veiling van "kaggelrakkies" wees. Julle weet mos wat dit is! Musiek deur Cecile Swart, en ook die Penkoppe gaan sorg vir iets in almal se smaak. Stalletjies met lekker en interessante items gaan weer ons funksie versier, elke jaar raak dit lekkerder en beter. Die teetuin bied altoos die nodige lafenis en verkwikking vir voete wat bietjie wil rus. Kom kuier saam. Eet en drink was ons nog nooit skaam voor nie. Daar gaan baie wees, en lekker ook. Hoe klink 'n prys vir 'n gelukkige persoon se toegangsnommer, maar wees daar wanneer die kaartjie getrek word, anders kry 'n volgende gelukkige trekking geleentheid om te wen. Om alles hier te noem is nie moontlik nie. Hou die plaaslike koerante dop vir die program, en beslis, kom self! Kontak vir navrae: Belinda, 083 627 0584, [smith.belinda5@gmail.com](mailto:smith.belinda5@gmail.com).

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV 19-20 Oktober 2013 weer 'n kunsuitstalling met verskeie groot name soos Norbert Schling en Susan Purnell aan. Almal welkom. **S 025° 40.672' E 028 32.188'**
- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV die 29 &30e November ons jaarlikse **Kuns en Kersmark** aan. Enige persoon wat belangstel om 'n stalletjie met kwaliteit produkte te bespreek skakel met **Alta 082 682 1252 of Annetjie 082 921 8200**